

## Tema: 'n Gemeente wat groei na Christus toe

Woordbediening: Efesiërs 4:1-16

Preekteks: Ef 4:15,16

*“Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende dele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”*

Hierdie teks staan ook op die buiteblad van ons Jaarprogram. Dis nie net 'n mooi aanhaling nie, maar 'n doelbewuste **fokus** van wat ons hoop om in hierdie jaar te beleef.

Daar is min ander plekke in die Bybel waar **die doel van kerkwees** so duidelik gestel word.

Die teks kan ook nie los van die groter geheel gelees en verstaan word nie. Daarom moet minstens die woorde van 4:1 voorop staan: **“Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.”** Kerkwees raak ons hele lewe en ons hele lewe word bepaal deur die roeping wat ons van God ontvang. **Is dit vir my 'n roeping om deel van sy gemeente te wees?**

Die teks moet ook saamgelees word met dit wat direk vooraf geskryf staan. Daarom begin die '83-vertaling met: **“Nee, ons sal... .”** **Waarvoor moet ons “Nee!” sê om as gemeente van Christus te kan groei?** Vir dwaalleer en dwaling, vir slim praatjies van mense wat daarop uit is om ons in hulle mag te kry. Ervaring leer ons dat mense wat rondval op soek na 'n geestelike tuiste dikwels ook uitval uit die geloofsgemeenskap.

**Waarvoor moet ons dan “Ja!” sê?** Om **“in liefde by die waarheid te bly en so in alle opsigte te groei na Christus toe.** Wat 'n heerlike versekering: Groei na Christus toe! Wat meer kan ons begeer as om Hom in elke opsig van ons lewe so beter te leer ken? Dink net oor wat dit vir jou daaglikse lewe beteken.

**Hoe sal ons weet of hierdie groei werklik plaasvind?** Uit die wyse waarop die gemeente funksioneer. Groei na Christus toe, beteken ook groei na mekaar toe – op so 'n manier dat elkeen sy plek en funksie beter verstaan **en in liefde** utiveef.